



Artikel 23

ONS GERECHTIGHEID VOOR GOD

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons gerechtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die gerechtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Psalm 32:2 en Romeine 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Romeine 3:24). Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregthede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: 'En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef,

is voor U aangesig regverdig nie' (Psalm 143:2).

Die regverdigingsleer is uniek in die mensdom. Dit is eie aan die Christelike geloof en daar is 'n saak daarvoor uit te maak dat die Christendom by hierdie leer staan of val. Hoe is dit moontlik dat sondaarmense voor God kan staan? Hoe kan ons as onreine wesens voor die reine en heilige God verskyn? Wat is dit wat maak dat ons reg en regverdig voor die Heilige kan staan? Dit is die vrae wat dien as agtergrond tot die regverdigingsleer. Alle godsdienste handel oor hierdie vraag, elke een het 'n unieke inkleding van die antwoord, en tog is dit in wese dieselfde antwoord wat gegee word – die mens lewer prestasie en teenprestasie. Die werklikheid is egter dat dit nie moontlik is om jouself aan jou eie skoenveters op te tel nie. Dit is noodsaaklik dat ons sal weet dat selfredding nie uit onself moontlik is nie, ander sal ons dalk dwaas genoeg wees om te dink dat ons eie prestasie ons sal staande hou by God se oordeel. In die regverdigingsleer is 'n wonderlike troos opgesluit. Ons sondes is Christus toegereken en Sy gerechtigheid word ons toegereken – met ander woorde ons sonde en skuld is op Sy skouers geplaas en Sy gerechtigheid is as mantel oor ons skouers gegooi. Dit is die wonderlikste geskenk denkbaar – ons hoef geen vrees of angs te beleef nie. Elke gelowige se gewete is vry van vrees omdat ons weet dat God 'n welbehag in ons het.

Die regverdigingsleer is nie die produk van menslike spekulاسie nie. Ons glo dat dit die korrekte opsomming van die Bybel se boodskap is. Dit is 'n doktrine wat aan die hartslag van die Christelike geloof staan. Ons leer dat ons regverdiging voor God slegs geskied deur genade alleen, by wyse van geloof alleen, op grond van Christus alleen. Regverdiging is net moontlik in hierdie spesifieke verbintenis. Jesus se verdienste word ons toegereken deur geloof. Hierdie verdienste van Christus is die basis vir ons regverdiging. Jesus se verdienste bestaan uit (tradisioneel verstaan) aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. Sy aktiewe gehoorsaamheid verwys na Sy onvoorwaardelike en perfekte gehoorsaamheid aan die wet, Sy passiewe gehoorsaamheid is daarin geleë dat Hy Sy lewe vir ons gegee het. Geloof is die skakel wat maak dat ons Christus en alles wat Hy gee, ontvang. Ons word inderdaad deur goeie werke gered, **nie ons eie nie**, maar dit wat Christus gedoen het en nou aan ons toegereken word.

Dit is deur geloof dat ons sonde Christus toegereken word en deur dieselfde geloof dat Christus se verdienste ons toegereken word. Regverdiging deur genade alleen by wyse van geloof alleen op grond van Christus alleen, beteken dat God vryelik die verdienstelike gehoorsaamheid aan die wet deur Christus ons toereken.

Die regverdigingsleer beslaan ten minste twee belangrike dimensies. Aan die een kant is daar die toerekening van sonde. Ons sonde word Jesus Christus toegereken. In terme van die offerkultus

van Israel kan ons stel dat ons sonde op Hom oorgedra is soos die priester die volk se sondes op die kop van die offerdier geplaas het. Deur daardie simboliese handeling is sonde oorgedra. Hierdie is 'n geheimenis wat nie onder woorde gebring kan word nie. Jesus neem op 'n radikale manier ons sonde op Hom, so asof al ons sonde Hom ingegiet word.

Aan die ander kant word Christus se geregtigheid ons toegereken. Met ander woorde die dood van Jesus het tot gevolg gehad dat daar aan God se geregtigheid voldoen is, die prys vir sonde is betaal. Daardie 'betaling' word ons toegereken so asof ons dit gedoen het. Dit beteken ook dat Jesus se gehoorsaamheid aan ons toegereken word.

Dit kan nie anders nie as dat ons daarom alle eer en lof aan God sal gee. Die regverdigingsleer noop ons om God te eer en te loof. Daarmee saam word ons getroos in God se genade. Ons kan in die sekerheid en rustigheid lewe dat ons sondes vergewe is en dat die geregtigheid van Christus ons toegereken is; nie net is ons sondes vergewe nie, maar ons word die ewige lewe toebedeel. Romeine 5:10 *“Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.”* Romeine 8:15 *“Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik*

saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.” Hierdie wete maak dat ons God moet loof en eer. Alle menslike verdienste of saamspraak is uitgesluit. Ons moet dit ter harte neem dat ons vryspraak nie deur eie toedoen of by wyse van stelselmatige heiliging van die mens plaasvind nie, ons vryspraak is God se werk en daarom kom alle eer Hom alleen toe.

2 Korintiërs 5:17-12 “*Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.*” Aan God die eer, Hy reken ons nie die sonde toe nie. Christus neem dit op Hom en betaal die volle prys. Die sonde wat ons gyselaar gehou het, is deur Christus oorwin en ons is nou nuwe skepsels bestem vir die ewige lewe. Net soos die oortreding van een man (Adam) sonde in die wêreld ingebring het, net so het een daad van gehoorsaamheid deur een man (Jesus) geregtigheid - en lewe vir mense ingelui – Romeine 5:17-19 “*Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want*

soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.”

Jesus het aan die eise van die Wet voldoen en deur Sy genade kan ons ook deel in die ewige lewe. Die enigste vereiste is dat ons ons eie ongeregtigheid erken, erken dat ons hande leeg is. Dan kan ons hierdie geregtigheid toegereken word, dit is net met leë hande wat die geregtigheid in Christus ontvang kan word. Teen hierdie agtergrond kan ons nou die verskillende begrippe in die artikel van nader ondersoek. Aanhaling is in **skuinsdruk**, die NGB bewoording in **vetdruk** en die kommentaar in gewone skrif.

Met die volgende uitgawe (138) word die inhoud van hierdie artikel in diepte bespreek.